| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

Saakno: / Case number: **187/04**

Datum gelewer: / Date delivered: **07/05/2004**

In die saak van:

**DIE STAAT**

teen

**SWIEGERS, IWAN** **Beskuldigde**

*Coram:* Lacock R *et* Williams R

---

## UITSPRAAK OP SPESIALE HERSIENING

---

**LACOCK R:**

1] Hierdie saak is deur die addisionele landdros van Kimberley op spesiale hersiening na hierdie Hof verwys met die versoek om die skuldigbevinding en vonnis van die beskuldigde ter syde te stel.

2] Die redes vir hierdie versoek lees as volg:

> *"Ek dien tans as voorsittende beampte in die kanalisasie hof wat grootendeels alle sake in die Landdroshof te Kimberley uitstel vir verdere ondersoek of vir verhoor na ander howe. Indien moontlik doen ek ook alle skuldig pleite. Daagliks hanteer ek tot plus minus 100 (eenhonderd) sake per dag. Om my taak te vergemaklik en vir tyds bespaaring plaas ek 10 (tien) beskuldigdes in die beskuldigde bank en soos die aanklaer hul name roep so staan die persoon wie se naam geroep is op.*

*By die toepassing van arikel 112 (1) (a) Wet 51 /77 pleite sal die aanklaer my vooraf inlig dat die beskuldigde van voorneme is om skuldig te pleit en dan die aanklag stel.*

> *Die betrokke dag is die naam van Iwan Swiegers geroep. Een van die beskuldigdes in die beskuldigde bank het opgestaan en ek het aangeneem dat dit Iwan Swiegers is. Ek het artikel 112 (1) toegepas. By tee tyd het die persoon wie ek skuldig bevind het my in kamers kom spreek en my meegedeel dat hy nie Iwan Swiegers is nie. Later die middag het 'n polisie beampte my genader met die ware Iwan Swiegers en my meegedeel hy verneem ek het reeds Mnr Swiegers se saak afgehandel maar dit blyk 'n fout te wees want Mnr Swiegers het nog nooit verskyn nie. Ek het hulle meegedeel dat ek hierdie saak op spesiale hersiening sal stuur."*

3] *Prima facie* blyk dit dus dat die voormelde verrigtinge nie ooreenkomstig die reg geskied het nie, en dat dit ter syde gestel behoort te word.

4] Bygevolg word die volgende bevel hierin verleen:

**A. DIE SKULDIGBEVINDING EN VONNIS DIE**

**BESKULDIGDE OPGELÊ WORD TER SYDE GESTEL.**

---

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

---

CC Williams
**REGTER**